Rietvallei

Kampnuus

# Kleine Bela

**20 TOT 22 FEBRUARIE 2026**



*Wildevyeboom*
*Die plek van samekoms, daar waar dinge gebeur…*

## STREEKSAAMTREK BY KLEINE BELA 20 TOT 22 FEBRUARIE 2026

Altesaam 7 woonwaens het die kampnaweek mee gemaak, maar vier van ons lede het (te danke aan ‘n goeie prys wat Bertus en Dalena met die oordbestuur beding het) reeds vanaf die voorafgaande Sondag of Maandag hul staanplekke betrek. Soos bekend, lê Kleine Bela langs die Eersbewoon-pad, tussen Klein Kariba en die Kranskop tolhek. Volgens diegene wie deur Bela Bela (Warmbad) gery het, is die toestand van daardie pad “horibaal” sleg en die aanbevole roete is dus maar via Kranskop. Vir algemene inligting; die pad verder af na Modimolle (Nylstroom) ondergaan tans grootskaalse opgraderings en dis ‘n riem onder die hart in ag genome die huidige stand van sake in ons land.

Diegene wie reeds op Donderdag 19 Februarie daar was, is op Bertus se verjaarsdag verras met versnaperings en ‘n hoenderpotjie met pampoen, rys en nagereg, a la Dalena Marx. Die weer was deurgaans baie aangenaam en die res van die dae is verwyl van koelteboom tot koelteboom en daar was altyd iets om aan te knaag. Die volmaakte getal 7 is bereik met die aankoms van die 3 ander waens deur die loop van Vrydagoggend. Boekevat is die aand behartig deur Sieg en daarna het almal kon smul aan “reuse medium grootte” vetkoeke en maalvleis, voorgesit deur Annatjie. Saterdag is begin met’n 3 kilometer stappie deur die plaas en die gedeelte waar die “lankstaan kampers” onder die bome ingenestel is. Mens sal nooit kon raai, soos van die pad af gesien, dat daar bykans 55 woonwaens tussen die veelryke bome verskuil is nie. Sommige van die mense is al vir 4 jaar pal op dieselfde staning. Wat elkeen besiel tot dié leefstyl is net om van te raai!

Saterdagmiddag se saamkuier onder die groot wildevyeboom (regs) het spontaan oorgevloei na ‘n heerlike saambraai-geleentheid en almal kon tevrede gaan slaap na nog ‘n rustige dag in die Bosveld.



*Saamkuier:*
*Wim en Margriet*
*en*
*Dalena en Bertus*



Sondagoggend is die preek d.m.v. selfoon, Bluetooth en “boom box” tegnologie moontlik gemaak. Die preek, gelewer deur Ds. Julian Olivier van NG Gemeente, Groblersdal het gehandel oor “Die Heilge Gees” en die kragtige werking daavan in die lewens van diegene wie dit aanvaar en ontvang het. Die oorwoë mening onder ons groepie Rietvalleiers was dat dit ons veel tot nadenke gestrek het.



Afsluiting en afkondigings, oorhandiging van aansporings plaatjies en dies meer is gevolg met snoeperye en tee / koffie / sap, asook plaatkoekies wat, deur wie anders as Dalena, ter plaatse gemaak was.
Dit was veel gewaardeer.
Dankie aan ons “Master Sjef”.



*Wilna Swartz en Tjaart en MarietjieKlaasen*



Die kampterrein met sy groen gras, skaduryke (maar min) bome, met sy volop voëllewe bied 'n rustige atmosfeer. Die ablusie geriewe is nie luuks nie, maar skoon en funksioneel en daar is ook'n skoon swembad vir die warmbloediges.

Na die afsuiting het 2 lede (pare) weer die terugtog aangepak en 5 pare "die hards" het nog tot die Maandagoggend oorgestaan. Die verkeer op die snelweg was om 09:30 heel kalm en almal was teen ongeveer 11:00 weer tuis, na nog 'n aangename, verfrissende ervaring in die natuur.

Sal ek weer by Kleine Bela wil gaan kamp? Heel waarskynlik, Ja!!

SAWA-groete.

*Sieg en Annatjie.*

## SATERDAGMIDDAG KUIER




*Anet Lübbert*



*Gesellige kuier onder die boom:*
*Wim en Margriet, Dalena en Bertus*







*Dalena Marx*



Dis om te braai, sê hulle.

Eintlik is dit om "die sake van die dag na behore te bespreek".

Wim, Tjaart, Sieg, Johan, Bertus en Klaus sit koppe bymekaar om die wêreld se probleme te skik.






Veels geluk met jou verjaarsdag, Tjaart!



Tjaart en Marietjie ontvang hulle 160^ste^ streekplaatjie.



Bertus en Dalena het hul 46^ste^ huweliksherdenking op 23 Februarie gevier en Bertus het sy verjaarsdag op 19 Februarie gevier.



*Die saamtrek word "formeel" afgesluit:*
*Sieg, Annatjie, Anet, Klaus, Johan, Erna, Wim, Margriet, Dalena, Bertus en "afsluiter" Tjaart.*





*Mens kan sien dat Bertus al te bly is omdat hy besluit het om tog nog 'n dag langer te bly!*



*'n Dikbekwewer bou sy nes by die visdam.*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

**Bioway:** 1l, 2l en 5l
**Swartsakke:** 50 of 100 sakke
**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l


# Volgende saamtrek

## Volgende saamtrek:

Spookkamp, van 20 tot 22 Maart.

**Kostes:**

2 Nagte R360 per nag = (2 X R360) + R50 = R770
3 Nagte R360 per nag = (3 X R360) + R50 = R1130
4 Nagte R300 per nag = (4 X R300) + R50 = R1250
5 Nagte R260 per nag = (5 X R260) + R50 = R1350

Sien e-pos vir volledige besonderhede.